LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: laervolk@netactive.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

15-02-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 6 VIR 2016

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **ATLETIEK 2016:**

Baie sterkte aan al ons atlete wat vandag aan die D7 Kampioenskappe gaan deelneem. Ons hou styf duim vas vir elkeen!

2 **KULTUURAAND**:

Datum: 19 Februarie 2016 Tyd: 18:30 vir 19:00
Plek: Poortjie saal Drag: Formeel
Gaskunstenaars: Kevin Leo en Jakkie Louw Koste: R300 per persoon
Kaartjies: Beperkte aantal sitplekke (SLEGS 3 TAFELS) is nog beskikbaar by Mev Chrisna Meyer in die kantoor.

ONS HERINNER NET AAN DIE KELNERS SE R130 WAT NOG BETAALBAAR IS VIR HULLE KLERE EN KOS VIR DIé AAND.

3 **SKOOLREKENINGE**:

Die skoolgelde moet asb voor die 7de van elke maand betaal word.

4 **RUGBY**:

Datums om te onthou:

- Op 23 Februarie gaan ons 0/13 Rugby span as kelners werk by die Spur, om geld in te samel vir hul toer na Durban. Kom ondersteun die seuns asb!
- Die 7's rugby vir 0/13A span is op Vrydag, 26 Februarie 2016 by Laerskool Republiek.
- Op 4/5 Maart speel die 0/13 span by St. Benedicts.
- Saterdag, 12 Maart speel ons te Laerskool Fonteine, weg, die 0/9 - 1ste spanne.
- Super 8 rugby- en netbal vind vanjaar weer plaas in Kroonstad vanaf 8-9 April.
- As daar enige pappa's is wat belangstel om te help afrig by ons B-spanne, kontak asb die skoolkantoor.
- Baie dankie aan al die pa's en seuns wat ons rugbybraai bygewoon het, dit was regtig baie lekker!

- Die program van die Rugby- en Netbaldag op 25 Februarie tuis, teen Laerskool Edleen.

RUGBYPROGRAM	
TYD	SPAN
13:30-14:15	0/9
14:20-15:05	0/10
15:10-15:55	0/11
16:00-16:45	2des
16:50-17:35	1stes

NETBALPROGRAM			
TYD	A	B	C
13:30-14:05	0/9B	0/10B	0/11B
14:10-14:45	0/9A	0/12B	0/13B
14:50-15:25	0/10A	0/12A	0/11A
15:30-16:05	0/13A		

- Al ons Graad 1 Ouers word genooi na 'n bring en braai na afloop van bogenoemde wedstryde. Inligtingsbriewe sal volgende Maandag uitgedeel word.

5 **STUDIEMETODE-KLASSE:**

- Eerste kwartaal vind die studiemetode klasse plaas op Woensdae vanaf 16:00 - 16:50, vir Graad 4 in Juf Sanet se klas. Datums: 17 Februarie; 24 Februarie; 2 Maart; 9 Maart.
- Dit is noodsaaklik dat elke klas bygewoon moet word, aangesien dit op mekaar volg soos 'n kursus.
- Jy benodig: Eksamenblok; Gekleurde penne; "Highlighter"; Studiemateriaal word verskaf!

6 **SKAAK**:

- Daar sal oefening wees vir die Juniors (net die beginners) op Maandag vanaf 16:00 - 17:00 en vir die Seniors (net die beginners) op Woensdag vanaf 14:30-15:30.
- Die meer gevorderde spelers mag hierdie week rus en volgende week weer met normale oefening aangaan.
- Baie geluk aan al ons leerders wat aan ons toernooie deelgeneem het oor die naweek. Julle het puik presteer! Baie dankie aan al ons ouers vir al julle hulp. Sonder julle sou dit nie so 'n sukses gewees het nie. 'n Groot dankie aan Mev Marie-Louise Human en al die lede van Heidelberg Skaak klub vir al die reëlings. Ons waardeer dit opreg.

7 **VOLKIE-FOKUS:**

Alle buitesportsoorte se beriggies en foto's moet asb voor Vrydag, 26 Februarie vir Chrisna aangestuur word na chrisnameyer@laervolkskool.co.za. Indien u belangstel om te adverteer in die blaadjie, kontak vir Chrisna by die skool.

8 **STOEL-PROJEK:**

Elke leerder gaan 'n stoel-projek-vorm ontvang wat per blokkie te koop is teen R2 of die hele stoel vir R100. Indien u by die projek betrokke wil raak (met idees of enige raad), kontak vir Chrisna by 0760519176.

9 **VOLKIE VERE:**

Volkie Vere sal gesluit wees op 18 Februarie 2016. Jammer vir die ongerief!

10 **KLEREBANK**:

Die klerebank sal net oop wees op Maandae en Woensdae vanaf 13:00 - 14:00.

11 **KENNISGEWING**:

Die Pa en Seun Visvang soos aangedui op die kwartaalprogram word uitgestel tot verdere kennisgewing.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF